Dr. T. S. van Rooyen, Senior Lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, Vise-Voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria. Dr. van Rooyen se toespraak wat hiermee gepubliseer word, is by geleentheid van die Genootskap se Jaarvergadering op 21 November 1961 gehou.

VAN PREHISTORIE NA GESKIEDENIS

'N **V**OLK se geskiedenis is eintlik in wese die veranderinge en die faktore wat tot daardie veranderinge aanleiding gegee het om daardie volk op daardie bepaalde tydstip te maak wat hy is. Hierdie faktore en die veranderingsproses is eintlik die objek van studie deur die historikus.

Hierdie veranderingsproses kan somtyds snelopeenvolgend wees soos by die Chinese en Indiërs aan die einde van die sestiende eeu. By laasgenoemde twee kultuurgroepe het die veranderingsproses of „ontwikkelingsproses”, soos dit somtyds beskryf word, selfs teen die sewentiende eeu tot stilstand gekom, tot stagnasie gekom. Skrywers het dan ook verkeerdelik na die Chinese verwys as 'n volk sonder geskiedenis. Aan die ander kant kan hierdie veranderingsproses glad nie voorkom nie soos by die primitiewe mens. Hulle verkeer in 'n prehistoriese stadium soos trouens die hele menseras op een stadium was. Dit is dan ook een van die belangrikste verskille tussen die sogenaamde „beskaafde of ontwikkelde” mens en die primitiewe mens dat laasgenoemde geen geskiedenis het nie. Hy het wel 'n uitwendige geskiedenis—sy stamhoofde sterf of word vermoor, daar vind onderlinge oorloë plaas, die stameenhede disintegreer as gevolg van uitwendige faktore, ens., maar daar vind by hom geen innerlike verandering plaas nie, hy bly nog wat hy was, dink nog soos hy gedink het, doen nog soos hy gedoen het, ens. Hy bly m.a.w. staties en lewe instinktief in ooreenstemming met oorgelewerde norme, instellinge, ens. Daar is

by hom geen *beskouing*, verrasionalisering van hierdie innerlike dinge wat tot sy leefwyse aanleiding gee nie; daar is by hom blote passiewe aanvaarding. Hy word die objek van studie deur die opgeleide etnoloog, nie van die historikus nie.

Dit is egter 'n opvallende verskynsel dat wanneer hierdie primitiewe mens of pre-historiese mens in aanraking kom met die historiese mens, hy die nodige stimulus ontvang om 'n eie ontwikkeling deur te gaan, soos by die ou Germaanse stamme nadat hulle in aanraking gekom het met die Grieks-Romeinse beskawing, of hulle toon 'n onvermoë om die stimulus te absorbeer en toon 'n neiging om te verdwyn soos by die Boesman en by die inboorlinge van Australië. Die Maories van Nieu-Seeland het ook aanvanklik hierdie neiging getoon maar het gedurende die afgelope vyftig jaar merkwaardig op die uitdaging gereageer.

Die mensegroep wat geskiedenis ondergaan en dit kan ondergaan is juis in die proses van verandering (historiese wording) besig om sy lewensopvattinge, sy waardebeskouinge, sy staatkundige en sosiale instellings en opvattinge, ens. te verander of laat toe dat dit verander in ooreenstemming met ooreenkomstige behoeftes wat by die groep as gevolg van sekere uitwendige en inwendige faktore (nuwe godsdiensstig-filosofiese beskouinge, asook politieke en ander „ideologieë”) aanwesig is. Dat so 'n verandering dikwels gepaard gaan met stryd, weet ons natuurlik. Terselfdertyd gaan dit gepaard met spanning, onsekerheid, vertwyfeling en 'n verhoogde aanvoeling van die tragedie van die menslike bestaan. Dit is dan ook merkwaardig dat die konsep van *tragedie* (Goethe, Shakespeare, ens.) as kunstvorm in die Weste met sy snel veranderende lewensmomente ontstaan het.

'n Kenmerk van die ontwikkelende mensegroep, nasie, kultuur of ras, is die geskiedenis (verandering) wat hy deurgaan. 'n Verdere kenmerk is ook die *beredwilligheid* en die besef van die vermoë om verandering te ondergaan. Daar bestaan by hulle die besef dat 'n keuse gemaak moet word om sodoende die toekoms in te beweeg. Daardie keuse word uiteindelik die mensegroe se verantwoordelikheid. Hulle dra dit met hul mee. Die verantwoordelikheid berus nie in laaste instansie by individuele persone soos na die Tweede Wêreldoorlog gemeen is nie.

ISOLASIE

'N **G**ROEP wat geskiedenis ondergaan bestaan nooit voort in *isolasië* nie. Daarvoor is die wêreld eenvoudig te klein. Veral vandag met ons fantastiese netwerk van kommunikasiemiddele is die wêreld tot eenheid gebind. 'n Kenmerk van elke ontwikkelende of veranderende mensegroep is sy vermoë om te kommunikeer en hierdie vermoë is inherent en vind bewustelik of onbewustelik plaas.

Veral in ons land waar alle fisiese afstande tussen die verskillende ras- en kleurgroepe so te sê uitgewis is, is hierdie feit van belang. Wat die Afrikaanssprekende binne sy eie geleedere dink, doen en oor besluit, raak ook die Engelssprekende en raak ook die Bantoe. Elke taal- en rasgroep

staan *teenoor* die ander se doen en late. Wat ons in ons land dink en doen, golf uiteindelik breed uit oor ons grense en ofskoon selfs oseane ons somtyds van mekaar skei, vind kontak tog plaas vanweë hierdie inherente vermoë tot kommunikasie. Ons het hierdie eenvoudige feit in die verlede te maklik vergeet. Ofskoon ons en ook sekerlik ander, ons die morele reg toe-eien om te verwag dat ons ons probleme self oplos, los ons dit nie in isolasie op nie. Daar word kennis geneem van hoe ons te werk gaan en wat ons doen; daar vind selfs reaksie daarop plaas en dit afgesien van die feit of die reaksie om bloot selfsugtige redes is of nie. Hierdie reaksie op en teenreaksie is dikwels 'n bepalende faktor in die geskiedenis.

REGRESSIE

IN ons eie land het die Afrikaanssprekende dikwels in die verlede hardop gedink sonder om te besef dat die *swartman* ook ore het om te luister en 'n eie interpretasie gee aan ons denke; die Engelsman het besluite geneem sonder om te besef of die feit te aanvaar dat die Afrikaanssprekende die reg het om daarop te reageer. Misverstand en selfs bitterheid was dikwels die erfporsie van diegene wat besluite in isolasie geneem het ofskoon dit somtyds nie anders kon nie. 'n Kenmerk van die Nasionaal-Sosialisme van Hitler se Duitsland was die isolasie waarin hierdie politieke dogma ontstaan het en dit nou afgesien van die faktore wat 'n diesulke ontstaan-in-isolasie waarskynlik noodwendig gemaak het. Die aanraking van so'n groep met ander na sy inkubasie in afsondering, is gewoonlik destruktief na een of ander kant toe, want aanraking beteken noodwendige beïnvloeding en binnedringing — bewus of onbewus — met 'n teenoorgestelde reaksie. 'n Verdere kenmerk van sulke doktrines wat in isolasie ontstaan het, is die absolute streng onbuigsame formulering daarvan maar wat dikwels versuiker word onder 'n laag van moraliteite of eties-godsdienstige beskouinge. Die basiese kenmerk is die negering van die beginsel van veranderlikheid, m.a.w. dit word a-histories. Dit onderdruk die kennis van die verlede wat op die teendeel wys, dit skep bewustelik 'n skewe beeld van die verlede onder die dekmantel van allerlei aardige filosofiese benaderinge en beskouinge om die historiese *reg* van die doktrine te „bewys”, en dit volstaan wantrouend teenoor individue binne eie geledere wat die ootmoed besit om die bestaande norme te toets aan die waaragtige bestaanbaarheid daarvan. Dit skep m.a.w. noodwendig spanning binne eie geledere wat op veranderlikheid dui al is die wil teen verandering aanwesig. Selfs die skynbaar onveranderlike verander op die end noodwendig, behalwe as die mens bereid is om te stagniseer, bereid is om tot die primitiwiteit te verval. In so'n geval kan so'n groep uitwendig die indruk skep van hoogbeskaafdheid veral d.m.v. sy tegnologiese bekwaamheid, maar inwendig sink hul (in sommige gevalle tydelik altans) terug tot die primitiewe oervorme soos gebeur het in Duitsland met sy konsentrasiekampe tydens die afgelope wêreldoorlog. Ander westerse lande is natuurlik ook nie vry te spreek nie.

DIE AANVANG VAN GESKIEDENIS

DWARSOOR die wêreld is die laaste oorblyfsels van die primitiewe pre-historiese mens binne die milieu van die historiese mens betrek. In hierdie proses van intrekking of kulturele kontak, is die primitiewe mens uit sy primitiewe eenselwigheid en eendersheid losgeruk. In sy primitiewe staat was die volkere van Afrika objek van studie deur die antropoloog. Vanaf ongeveer 1945, d.w.s. na die afgelope wêreldoorlog, het hulle geskiedenis 'n aanvang geneem. Voor die tyd kan ons hoofsaaklik praat van die geskiedenis van die witman in Afrika, nou praat ons van die geskiedenis van die inboorlinge van Afrika aangesien 'n diepgaande verandering besig is om by hulle plaas te vind. Hierdie veranderingsproses sal deur die historikus beskryf word.

Van al die Bantoe- en Negervolke van Afrika word ons eie Bantoebevolking die diepste geraak aangesien hulle op 'n breëre vlak binne die historiese milieu van die blanke betrek is. Dit sou ons eenvoudig nie baat om 'n beleid t.o.v. die Bantoe te formuleer wat die primitiewe pre-historiese benadruk nie. Deur dit tog wel tot 'n mate te doen en juis omdat die terminologie wat gebruik is op die primitiewe gebaseer is, is ons beleid vir 'n groot gedeelte van die Bantoe—veral die verstedelike Bantoe—en ook die res van Afrika, onaanvaarbaar of slaan dit tenminste nie in nie.

DIE ONHERROEPLIK VERBYGEGANE

EK het hierbo daarop gewys dat geskiedenis met die verlede te doen het, met die dinge wat in die verlede gebeur het. Dit het m.a.w. te doen met die dinge wat onherroeplik verby is. Dit kan deur navorsing in herinnering geroep word, maar dit kan nooit weer herskep of herstel word nie. Ons kan dus nooit weer na die verlede terugkeer en leef en dink soos dié mense geleef en gedink het nie, en om aspekte uit die verlede te neem, dit te benadruk om daardeur politieke stemming te veroorsaak, is om die minste te sê: immoreel, so nie futiel nie, want so'n „stemmingstuk” wat gewoonlik uit verband uit geruk is, het alleenlik 'n tydelike gebruikswaarde, nl. om 'n politieke doktrine te probeer bestendig met al sy bygaande newekwaliteite soos ek hierbo aangedui het.

DIE VRYHEID VAN DIE MENS

DIE verlede het die eienaardige eienskap dat dit in ons gemoed in 'n vae, nie-omlynde gevoel voortleef. Al die gebeurtenisse wat die mensegroep waartoe die individu behoort, gevorm het, en gemaak het wat hulle is (die Duitser is 'n Duitser vanweë sy *geskiedenis*, so ook die Engelsman, Afrikaner, ens.), leef in die individue voort in die vorm van vae emosies. Dit kondisioneer hom tot 'n groot mate, maak hom wat hy is, vorm sy denke en word 'n belangrike faktor in sy toekomstige beslissings. Dit wil nog nie sê dat die mens se toekomstige besluite en reaksies daarom gepredistineer of voorspelbaar is nie, want wanneer 'n mens deur 'n situasie

gekonfronteer word, maak hy 'n *keuse*, 'n keuse wat die resultaat is van 'n opweeg van die historiese elemente (waardebeskouings) in hom aanwesig saam met beskouinge wat hy op daardie oomblik van bewus word en wat nie noodwendig uit die verlede tot hom oorgedra is nie. Juis die mens se vermoë om die voordele en nadele van 'n moontlike keuse objektief tot 'n mate selfs onpersoonlik te analiseer, maak sy keuse vry. Die intellek is nie absoluut gebonde nie, daarin bestaan die vryheid van die mens. Indien stemming veroorsaak word (propaganda, ens.) deur die eensydige benadrukking en buite verband ophaal van 'n gebeurtenis of situasie uit die verlede, word die oordeel verblind en word die besluit wat geneem word, vertroebel. In hierdie verband hou Paul Kruger se woorde: „Soek in die verlede . . . ens.”, dan ook vir ons 'n waarskuwing in.

DIE STUDIE VAN GESKIEDENIS IN ONS SKOLE

DIT is m.i. juis ook omdat geskiedenis in die verlede gebruik (of misbruik, sic!) is om stemming te verwek, dat die studie van geskiedenis in ons skole in diskrediet val het. Die intrinsieke opvoedkundige waarde daarvan is heeltemal uit die oog verloor. Ten dele moet die oorsaak hiervan gewyt word aan die feit dat geskiedenis dikwels en veral in die laerskole gedoseer word deur persone wat nie die vaagste benul het van wat geskiedenis eintlik is nie. Die meeste leerlinge wat die laerskoolkursus deurloop het, se kennis van geskiedenis bestaan eintlik maar net uit 'n klomp losstaande datums, name van persone en stemmingsverhale soos dié oor Japie Greyling, Dick King, Dirkie Uys en konsentrasiekampstories. Die matrikulante se kennis bestaan basies uit 'n reeks losstaande „spotvrae”, waardeur aan die vereistes van 'n eksamen voldoen word en niks meer nie.

Juis omdat die studie van geskiedenis so moeilik is, kan die eenvoudige vraag wat geskiedenis is, eers in die vierde studiejaar, d.w.s. in die honneursklas behandel word. Dit beteken dat 'n student met 'n B.A.-graad na drie jaar op universiteit in werklikheid nog nie in staat is om veel meer as feitekennis aan die leerling oor te dra nie. Geen onderwyser behoort m.i. 'n matriekklas in sy sorg te hê indien hy nie ten minste sy honneursgraad voltooi het nie, want eers dan het hyself tot dié stadium gevorder waar hy enigsins oor die vak besin het en 'n begrip gevorm het van die faktore wat ons en ander mense van hierdie ou wêreld se hede bepaal het en wat die hede gemaak het wat dit is.

DIE HEDE IS DEUR DIE MENS SELF GESKEP

AS ons praat van die *hede*, die *nou*, dan bedoel ons eintlik wat die Duitsers sal noem ons *Umwelt* wat deur die mens gevorm is. Elke oomblik van die verlede het dus 'n hede gehad. Die mens onderskei hom van die dier in dié sin dat hy sy omgewing *verander*, *omvorm*, ondergeskik maak aan hom, sodat hy in terme van sy eie besondere opvattinge, van wat vir hom mooi, goed en reg is, sy lewe vir homself draaglik maak. Hy gaan woon nie soos 'n aap in 'n boom nie, maar gebruik die hout van die boom

om vir hom sover as wat sy vernuf strek gebruiksartikels te maak. Uit die grond en klip bou hy sy huise, ens., en deur gebruikmaking en ontdekking van die kragte wat in die natuur aanwesig is, ontwikkel hy sy wetenskap. Hy skep dinge uit die natuur ooreenkomstig sy opvattinge van wat mooi, goed en aanvaarbaar is, of wat sy lewensbestaan vergemaklik. Dit word dan sy „beskawing” of „kultuur” genoem. Die mens is kultuurskeppend. Maar selfs sy kultuur is aan voortdurende veranderinge onderhewig. Hy vernietig sy kultuur d.m.v. sy oorloë, hy verwaarloos die bestaande, laat dit tot niet gaan vanweë die feit dat sy opvattinge van wat goed, mooi en bruikbaar is, verander. In dié sin het sy kultuur ook ’n geskiedenis, vorm dit ’n nuweprodukt van sy algemene geskiedenis. Al woon die mens somtyds selfs te midde van hierdie kultuuroorblyfsels soos ruïnes van geboue, ens., dan keer hy nooit daarna terug nie. ’n Italianer wat in Rome groot geword het, die Romeinse geskiedenis ken, die Romeinse boukuns, ens., bestudeer het, selfs die Romeinse taal kan praat, kan nogtans geen Romein wees nie en enige poging in dié rigting sal eerder bespotlik as iets anders voorkom. Die verlede is verby, kan nooit weer werklikheid word nie—sic transit gloria mundi!

Maar tog vind pogings om die verlede te laat herleef plaas of word pogings aangewend om te wees en maak soos hulle in die verlede gewees en gedoen het. Ons probeer dan die verlede emuleer. Ons weet bv. dat Italië teen die einde van die vorige eeu op Tripolitanie in Noord-Afrika aanspraak gemaak het omdat dié gebied eeue van te vore die graanskuur van Rome was. Al wat Italiëmet die seënwense van die ander groot moondhede ge-erf het, was sandduine en ’n noodwendige staatsuitgawe wat die geduldige Italianer moes opdok in ’n futiele poging om Rome se verbygegane glorie te laat herleef. Mussolini het aan dieselfde siekte, wat ons maar gerieflikheidshalwe historicitus kan noem, gely. Ons moet oppas dat ons self nie aan hierdie siekte wat spanning, selfs verwarring, maar nooit sekerheid kan veroorsaak, gaan ly nie. Ons moet nie dié dinge uit ons verlede wat onafskeibaar verbonde is aan ons nasiewording, tot orakel verhef nie. Ons kan onself so maklik belaglik maak voor ander terwyl ons eie oordele nie die minste daardeur verhelder word nie, eerder vereng word. Op gevaar af dat ek ’n storm sal ontketen, wil ek die bewering maak dat die Voortrekkereëufesvierings wat gekulmineer het in die hoeksteenlegging by die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938, hoe goed dit ookal bedoel was, watter grootse inspirasie dit ookal vir ons volk ingehou het, ongelukkig, ofskoon nie bewustelik of met opset nie, ’n gedeelte van die Afrikaner se heroïese verlede so oorbenadruk het, dat daar vir die Engelssprekendes geen deel was of kon wees in daardie feesvierings nie, terwyl dit die Bantoe afgeskrik het, want dit het tot hom deurgedring (hoe verkeerdelik ook) dat die oorsprong van dit alles by sy onderwerping aan die witman berus. Daar is geen poging deur die Afrikaanssprekendes aangewend om die Bantoe te bereik, d.w.s. met hom te kommunikeer nie, en die Afrikaner se standpunt verstaanbaar voor te stel en oor te dra nie.

Die skade wat daar gedoen is, juis omdat ook die vorm wat die feesvierings aangeneem het, die Afrikaner gaan isoleer het, hom tot sy eie emosies laat keer het tot uitsluitel van enige breëre begrip van die terrein waarop ons geskiedenis homself afgespeel het, word nou stadiggaan oorbrug en herstel, maar die gevaar bestaan dat té veel van daardie verengde lewenssiening in ons denke oorgebly het wat ons somtyds 'n bietjie onverdraagsaam teenoor ander en veral teenoor onself kan maak.

ONVERDRAAGSAAMHEID

AS so'n eienskap van onverdraagsaamheid, verenging by ons aanwesig is, of by watter volk ook al—die „My country, right or wrong”-mense—dan word dit 'n gevaarlike faktor aangesien toekomstige beslissings daarop gefundeer sal word en dit alleenlik tot bitterheid en misverstand kan lei voordat die skaal weereens herstel is.

GELOOF

DIE Joodse benadrukking of uitlewing van die beginsel, „God's chosen people”, het ook die Jood teenoor die nie-Jood gaan isoleer. Geen effektiewe kommunikasie tot beter begrip kon plaasvind nie, en ofskoon dit die Joodse gemeenskap in sy verspreidheid deur die eeue gehandhaaf het, het dit die nie-Jood voortdurend teenoor die Jood geplaas. Dit was nie net in Duitsland waar die Jood vervolgd is nie, maar vervolging het ook, o.a., al in Engeland, Spanje en ander lande voorgekom. Bewustelike skepping van afstand skep die nodige atmosfeer van suspisie.

Net in bogemelde verband hierdie enkele waarskuwing: moet nooit Bybelse tekse aanhaal om 'n politieke ideologie te regverdig of bestendig nie.

EMOSIES

EN van die belangrikste faktore wat die menslike groep se geskiedenis bepaal, is oorge-erfde emosies wat as vooroordele beskryf kan word en wat dikwels hul ontstaan in sekere gebeurtenissituasies het. Die aanwesige emosies speel dikwels 'n groot rol in die formulering van beleid, ens., wat weer daarop gemik is om toekomstige situasies te bepaal. Sulke emosies kan bewustelik aangewakker word d.m.v. gruwelstories, ens., wat ten doel het om verharding van opinie mee te bring. Voorbeelde hiervan is legio in die Duits-Engelse en Duits-Franse verhoudinge gedurende die afgelope eeu. Hierdie emosies is tydelik van aard en hul aanwesigheid hang van omstandighede af. Wie sou twintig jaar gelede kon voorspel dat die Japanners wat aan ons as die „Yellow Peril” voorgehou is, vandag 'n gesogte bondgenoot van die Weste sou wees?

Wanneer 'n tyd van snelle verandering beleef word soos ten tye van oorloë of rewolusies, of selfs bewus wees van toekomstige probleme en „gevaar”, beplan die staatsmanne, die volksleiers en almal wat saamgebind word deur die emosies wat dit in die lewe roep, altyd vir vrede en 'n

toekomstige gelukstaat. Hierdie beplanning berus altyd op 'n „sisteem”, 'n „stelsel”, 'n „ideologie” of waardebeginsel”, maar die resultaat is nooit dit waarvoor beplan is nie. Die wêreld wat ons na die 1939-1945 oorlog ge-erf het, is heel anders as waarvoor beplan is.

DIE TOEKOMS IS NIE VOORSPELBAAR NIE

DAAR bestaan eintlik nie waterdigte formules of faktore wat die geskiedenis „bepaal” nie, ons kan nie sê hierdie of daardie stel faktore moet noodwendig tot dit of dat lei nie, ofskoon die versoeking by middelmatige sprekers en skrywers bestaan om dit wel te veronderstel. Nadat die gebeurtenisse wat verandering meegebring het, plaasgevind het, kan ons nagaan hoedat onderlinge verhoudinge tussen mense, hoedat botsende idees, hoedat ideologieë, waardebeginsels, denkbeelde, ens., die situasie waarin die mens hom bevind het, verander het. En wanneer jy dan langs die lyn van die tyd af beweeg en dit alles nagegaan het, begin jy verstaan waarom mense dink soos hulle dink, waarom hulle teenoor dinge reageer soos hulle dit doen en wanneer 'n mens eers so ver is dat jy verstaan en begryp, dan het jy reeds 'n groot oorwinning oor jouself behaal.

—T. S. VAN ROOYEN.

HERINNERINGE OOR EUGENE MARAIS IN SY BRONKHORSTSPRUITSE TYDPERK

(1922—1923)

ONGEVEER tien jaar gelede het ek die voorreg gehad om hier in Pretoria met wyle mev. Anna Auret-Polderman bevriend te raak. Sy was 'n waardige en aristokratiese ou dame en het beskik oor 'n onuitputlike skat van lewensherinneringe wat oor baie jare gestrek het. Wat my steeds in verband met haar getref het, was haar wonderlike geheue en besonder aangename en onderhoudende vertelvermoë. Voordat ek haar leer ken het, het sy alreeds 'n gedeelte van haar lewensherinneringe op skrif gestel gehad. Ongelukkig kon sy tydens haar lewe nooit daarin geslaag het om 'n uitgewer daarvoor te kry nie. Op een stadium, voordat ek met haar kennis gemaak het, was die manuskrip in besit van prof. dr. P. J. Nienaber en het sy vader dit ingebind. Juis omdat prof. Nienaber vir daardie rede sentimentele waarde aan die ingebinde manuskrip geheg het, het die skryfster dit in 1955 aan hom geskenk en is dit tans nog in sy besit. By die deurlees daarvan was dit vir my opmerklik watter treffende ooreenkoms daar tussen die skryfwyse van wyle mev. Polderman en M. E. Rothman bestaan: 'n rustige

en innige verteltrant, sonder enige opgesmuktheid en in die geval van eersgenoemde, net so eg en natuurlik soos sy in die omgang self was.

Gebrek aan ruimte verbied my om uitvoerige lewensbesonderhede oor wyle mev. Polderman te vermeld. Vir die doel van hierdie artikel sal dit voldoende wees as ek net vermeld dat sy in 1875 in Aberdeen gebore is, saam met haar ouers op elfjarige leeftyd na die Zuid-Afrikaanse Republiek verhuis en in Pretoria haar mettertyd as onderwyseres bekwaam het. Na die dood van haar eerste man, jonkheer Van Nispen, is sy met J. W. Polderman getroud. Hy is in 1908 in Java oorlede en daarna het sy nie weer in die huwelik getree nie. Nadat sy weer vir 'n tydlang onderwys in C.N.O.- en staatskole gegee het, het sy haar mettertyd vir 'n tydlang op Bronkhorstspuit gaan vestig—vermoedelik vroeg in die twintiger jare—waar sy 'n losieshuis gehad het. Dit was juis op hierdie klein plattelandse dorp dat sy in 1922/1923 die voorreg gehad het om met die digter, Eugène Marais, kennis te maak. Hy het destyds 'n regspraktyk op Bronkhorstspuit behartig en aangesien hy 'n alleenloper was, het hy by mev. Polderman ingewoon. Sodoende het sy hom besonder goed leer ken. Sy kon op 'n onderhoudende wyse urelank oor Eugène Marais gesels. Ek het destyds baie uitvoerige aantekeninge van haar vertellinge gemaak en dit later met haar manuskrip gekontroleer.

Mev. Polderman het vertel dat Eugène Marais altyd baie gaaf teenoor haar was en dat hulle baie lekker saam gewoon het. Dit was dan ook vir my duidelik dat sy steeds met die aangenaamste gewaarwordinge teruggedink het aan die vooreg wat haar te beurt geval het om vir Eugène Marais as loseerder in haar huis te kon gehad het.

EUGÈNE MARAIS SE EETGEWOONTES EN VORKEURE.

HY was glo verbasend lief vir alles waarin pypkaneel was. Wanneer mev. Polderman wartlemoenkonfyt gekook het, het sy altyd die gewoonte gehad om 'n paar stukkies pypkaneel daarin te gooi. Eendag was sy weer besig om so'n pot wartlemoenkonfyt te kook en die stroop met die pypkaneel daarin het soos gewoonlik 'n heerlike soet geur versprei.

Eugène was buite die huis êrens besig en toe hy inkom, vra hy: „Mevrou, wat ruik so lekker?”

„Mnr. Marais, ek kook wartlemoenkonfyt en dit is seker dít wat jy ruik”, antwoord sy.

Hy is dadelik kombuis toe en sy agterna terwyl sy sê: „Wag, dit is nog nie gaar nie!”

Hy laat hom egter nie keer nie, neem 'n piering en lepel, skep vir hom in en daarna loop hy op en af voor die deur met die warmwartlemoenkonfyt. Net toe kom daar twee dames verbygeeloo.

„Kom”, nooi hy hulle in, „ons eet wartlemoenkonfyt!”

Hulle kom toe ook na binne en sê dat meneer Marais hulle ingenooi het om wartlemoenkonfyt te kom eet. Mev. Polderman deel hulle mee dat

Die skade wat daar gedoen is, juis omdat ook die vorm wat die feesvierings aangeneem het, die Afrikaner gaan isoleer het, hom tot sy eie emosies laat keer het tot uitsluitel van enige breëre begrip van die terrein waarop ons geskiedenis homself afgespeel het, word nou stadiggaan oorbrug en herstel, maar die gevaar bestaan dat té veel van daardie verengde lewenssiening in ons denke oorgebly het wat ons somtyds 'n bietjie onverdraagsaam teenoor ander en veral teenoor onself kan maak.

ONVERDRAAGSAAMHEID

AS so'n eienskap van onverdraagsaamheid, verenging by ons aanwesig is, of by watter volk ook al—die „My country, right or wrong”-mense—dan word dit 'n gevaarlike faktor aangesien toekomstige beslissings daarop gefundeer sal word en dit alleenlik tot bitterheid en misverstand kan lei voordat die skaal weereens herstel is.

GELOOF

DIE Joodse benadrukking of uitlewing van die beginsel, „God's chosen people”, het ook die Jood teenoor die nie-Jood gaan isoleer. Geen effektiewe kommunikasie tot beter begrip kon plaasvind nie, en ofskoon dit die Joodse gemeenskap in sy verspreidheid deur die eeue gehandhaaf het, het dit die nie-Jood voortdurend teenoor die Jood geplaas. Dit was nie net in Duitsland waar die Jood vervolgd is nie, maar vervolging het ook, o.a., al in Engeland, Spanje en ander lande voorgekom. Bewustelike skepping van afstand skep die nodige atmosfeer van suspisie.

Net in bogemelde verband hierdie enkele waarskuwing: moet nooit Bybelse tekse aanhaal om 'n politieke ideologie te regverdig of bestendig nie.

EMOSIES

EN van die belangrikste faktore wat die menslike groep se geskiedenis bepaal, is oorge-erfde emosies wat as vooroordele beskryf kan word en wat dikwels hul ontstaan in sekere gebeurtenissituasies het. Die aanwesige emosies speel dikwels 'n groot rol in die formulering van beleid, ens., wat weer daarop gemik is om toekomstige situasies te bepaal. Sulke emosies kan bewustelik aangewakker word d.m.v. gruwelstories, ens., wat ten doel het om verharding van opinie mee te bring. Voorbeelde hiervan is legio in die Duits-Engelse en Duits-Franse verhoudinge gedurende die afgelope eeu. Hierdie emosies is tydelik van aard en hul aanwesigheid hang van omstandighede af. Wie sou twintig jaar gelede kon voorspel dat die Japanners wat aan ons as die „Yellow Peril” voorgehou is, vandag 'n gesogte bondgenoot van die Weste sou wees?

Wanneer 'n tyd van snelle verandering beleef word soos ten tye van oorloë of rewolusies, of selfs bewus wees van toekomstige probleme en „gevaar”, beplan die staatsmanne, die volksleiers en almal wat saamgebind word deur die emosies wat dit in die lewe roep, altyd vir vrede en 'n

die stroop nog so dun soos water is. Haar besware help egter niks. Elkeen staan daar rond met 'n piering warm konfyt en eet smaaklik daarvan.

Eugène was ook baie lief vir groen rissies. Hy het gewoonlik 'n klomp by die koelies gekry wat sy gasvrou dan vir hom skoongemaak, in 'n bottel geplaas en asyn daaroor gegooi het. Dan het hy dit altyd saam met sy vleis geëet. Gewoonlik het die sweet op sy voorkop uitgeslaan. Hy het dan maar net af en toe die sweet afgevee en voortgegaan met eet.

Ook het hy baie graag peperwortels geëet en daarvan het mev. Polderman gereeld 'n bottelvol op tafel gehad.

DIE AFRIKANER-VERENIGING.

MET die stigting van die Afrikaner-vereniging op Bronkhorstspruit het Eugène Marais 'n leidende en aktiewe aandeel geneem. Op 'n goeie dag sê mev. Polderman aan hom: — „Meneer Marais, my kombuis is tog so vuil en die eienaar wil nie iets daaromtrent doen nie.” Omdat sy alleen en sonder hulp was, het sy dikwels haar nood by hom geklae en haar toevlug tot hom geneem. Hy het haar met baie aktiwiteite in die huis hulp verleen. Sy het veral onthou hoe hy haar gehelp het om die huis se gordyne op te hang. Toe sy nou van die toestand van die huis melding maak, het hy dadelik geantwoord: „Kom mevrou, ek maak dit môre gou vir jou skoon.”

Hulle het al die benodighede gekry en die volgende dag staan Eugène Marais bo-op die kombuistafel en verf terwyl mev. Polderman op die vloer staan om alles wat nodig was aan te gee en te help waar sy kon. Skielik word daar aan die voordeur geklop en sy gaan kyk wie dit was. Dit was mev. Neethling, die plaaslike predikant se vrou. Mev. Polderman groet en nooi haar na binne. „Nee dankie, mevrou. Ons het vandag ons vergadering en ons wil net weet waar mnr. Marais is.” Toe mev. Polderman in die kombuis kom sê Eugène Marais fluisterend: „Dis die Vereniging se vergadering vandag. Ag mevrou, ek het die hele ding vergeet. Sê maar ek kom nie vandag nie!”

Die predikant se vrou was teleurgesteld en toe die volgende vergadering moes plaasvind, het sy vooraf gekom om eers te hoor of Eugène Marais gereed was om sy lesing te gee, „want”, het sy gesê, „ons kan nie riskeer dat hy weer die kombuis wit nie.”

„ALICE WHERE ART THOU?”

MEV. POLDERMAN se seun uit haar eerste huwelik, Louis van Nispen, kon baie goed siter speel en terwyl hy een aand besig was om „Vrolikheid in die berge” te speel, sit hulle en luister hoe hy speel. Met oë wat skitter en met spanning op sy gesig het Eugène Marais gesit en luister. Mev. Polderman kon duidelik sien hoe hy die musiek geniet. Toe begin Louis meteens die stuk „Alice where art thou?” speel. Eugène Marais slaan met sy hande op sy knieë. „Mag!” roep hy uit, „daar speel hy „Alice where art thou?” Daarna begin hy vir die aanwesiges vertel hoe die woorde



ANNA AURET-POLDERMAN.

geskrywe en die musiek gekomponeer was deur 'n dame wat in 'n sielsieke gestig opgesluit was.

SY KLEREDRAG.

SKUINS oor die straat het 'n bejaarde Engelssprekende egpaar gewoon en hulle het nog die gewoonte gehad om met die aandete in aandrags aan tafel te gaan sit. Hulle het eenkeer vir Eugéne en sy maat genooi om een aand by hulle te kom eet. Dit was daardie dag vreeslik warm en 'n storm was aan die kom. Hy was glad nie lus om te gaan nie en het die hele dag teengestribbel maar beleefdheidshalwe moes hulle egter gaan. Mev. Polderman het hom toe die raad gegee om maar gou na ete terug te kom. „Ag, maar ek het nou glad nie lus om in daardie ou benoude huisie te gaan nie en ek weet presies hoe dit sal wees.”

Hulle het nietemin begin klaarmaak. Hy het altyd 'n wit broek en skoene met 'n donkerblou baadjie en 'n donkerbruin hoed gedra. Daardie middag moes Aron, die bediende van mev. Polderman, 'n wit broek stryk en die wit skoene skoonmaak. Hy het egter te laat begin om die broek te was en gevolglik wou dit nie gou genoeg droog word nie. Toe mev. Polderman deur die venster kyk, sien sy Eugéne Marais onder 'n boom in die agterplaas staan waar hy besig was om sy wit broek self te stryk. Toe hulle uiteindelik klaar was en besig was om te vertrek, het hy geroep: „Mevrou, hou vir ons kos. Ons kom weer hier eet.” Sy gee vir Eugéne 'n flitslig en meteens het daar 'n ontsettende storm losgebars. Wind, stof, weerlig en reën. Toe hulle in die donker op die oorkantste stoep staan, het hy nog vir laas na mev. Polderman se huis gelig.

Kort nadat hulle geëet het, het hulle huistoe vertrek. Intussen het die storm bietjie bedaar. „Dis nes ek gesê het. Sy sit vir ons kommetjies ontsettend warm sop op tafel om te eet en dit is reeds so warm.” Mev. Polderman het hulle nog iets te ete gegee en daarna het Eugéne weer baie van sy grappies vertel. Hyself kon baie lekker en hartlik lag.

IN GESELSKAP.

HY kon baie interessant gesels en dan is almal se oë op hom gevestig. Hy het egter nooit lank bly sit nie en het altyd vroeg na sy kamer gegaan. Hy het altyd op 'n stoel naby sy kamerdeur gaan sit, 'n sigaret aangesteek en as die geselskap hom begin verveel, het hy nie meer saam gesels nie. Hy het dan die sigaret so in sy hand gehou totdat dit heeltemal uitgebrand is en die hele lang stuk as daar lê of op sy klere geval het. Dan het hy dit afgestof. As hy in die luim was, het niemand hom sy kamer sien verlaat nie.

„BURGERS VAN DIE BERGE”.

MEV. POLDERMAN het vertel dat sy en ander baie gesukkel het om vir Eugéne Marais so ver te kry dat hy „Burgers van die Berge” moes



voltooi. Die blaaië het daar by haar rondgelê. Wanneer sy daaroor gepraat het, het hy gesê dit is maar niks en aangesien haar seun alles geweet het, kon hy maar die boek ná sy dood klaar maak.

Hy het dikwels saands op die stoep gesit en vertel hoe hy die stof vir „Burgers van die Berge” bymekaar gekry het. Dit het ontsettend baie geduld, versigtigheid en volharding vereis. Hy het probeer om hom aan die „Burgers” bekend te stel, maar die volkie is baie sku en vir die geringste rede sit hulle op loop of neem selfs ’n dreigende houding in. Maar hy het hulle sonder einde aanhou besoek en altyd daar waar hulle gekampeer het, rondgedraai, kos gegooi en probeer om hulle te laat sien dat hy dit goed met hulle bedoel. Eindelik, na baie maande het hulle hom al meer en meer geïgnoreer en verby hom gekyk veral toe hulle gesien het dat van sy kant daar niks te vrees was nie. Toe het hy begin om in die nag daar te bly. Sodra hy naderkom, gee hulle pad. Hy was ook versigtig om die bobbejane nie van hulle slaapplek te verwilder nie. Hulle het blykbaar nooit toegelaat dat hy tussen hulle kon beweeg nie. Maar hy kon toe alreeds die hele nag in hulle nabyheid deurbring en hy het toe ’n krans of skeur gekry van waaruit hy hulle taamlik veilig en sonder steurnis kon gadeslaan. Hy moes toe tog nog baie versigtig wees. Hy het dikwels ’n maat gehad en as mev. Polderman nog reg onthou was dit ’n sekere mnr. Van Rooyen.

„MABALEL”.

Op ’n keer het Eugène met ’n baster Doberman Pincher-hond by haar huis aangekom. Dit was in die tyd toe hy die gedig „Mabalel” geskrywe het. Soms het hy by hulle kom sit en gevra hoe dié of daardie sin of woord klink. Een het mev. Polderman nog goed onthou. „Mevrou, hoe klink dit vir jou? Kan ’n mens in Afrikaans die woord opwel, opwelen, water wat uit ’n fontein opwel, gebruik?” „Jy het alreeds die woord”, het sy geantwoord, „Dit klink vir my in daardie sin sekerlik goed.” Hy het die woord toe ook gebruik.

Die hond was eger nou daar en die kry ook die naam Mabalel, maar mev. Polderman het nie van Mabalel gehou nie en sy moes weg. So’n jong hond is lomp, groot en gaan oor alles heen. ’n Duur „plush”-kleedjie was oor die tafel maar Mabalel het spoedig al die fraaiings afgebyt en is toe op die sofa. Dit was eger vir mev. Polderman te veel. Eugène het die hond toe by die polisiestasia gaan afgee. Ingedagte en sonder om te protesteer is hy met die hond daar weg. Mev. Polderman was nietemin baie jammer dat sy hom miskien daardeur seergemaak het.



Eugène Nielsen Marais, wat vir enkele jare Eienaar en Redakteur van „Land en Volk” was.

Foto: Stadsraad van Pretoria.

SY LIEFDE VIR PLANTE.

HY was baie lief vir plante. Gedurig haal hy uit, bring dit huistoe en kweek dit. Eenkeer het hy vir mev. Polderman 'n maanplantjie (moonflower) geplant. Daar was 'n menigte varings, wilde katjiepiering en baie ander soorte plante. In die koppies van die Bosveld groei daar 'n sekere soort plantjie. As jy 'n handvol in jou hand druk, gee dit 'n skerp geur af, amper iets soos terpentyn. Hiervan het hy eendag 'n suikersak vol huistoe gebring en gevra dat mev. Polderman hom moet help. Sy moes dit kook. Hy wou dit stook en op die mark plaas want dit is baie goeie medisyne. Hy was seker dat hulle twee baie geld kon maak. Maar dit het egter nooit gebeur nie. Nadat die sak sowat drie maande in die motorhuis gelê het, het hy vir haar 'n droë en hard takkie gebring, sonder wortels en dit in die water geplaas. Die volgende dag was dit weer helder groen van kleur. Mev. Polderman het die wetenskaplike naam van die plant nie meer onthou nie maar was tog seker dat dit 'n bekende plant is.

DIE TEËSIN-BOOM.

EENDAG het Eugène vir mev. Polderman gevra of daar nie 'n boom was waarin sy 'n teësin gehad het nie. Sy het bevestigend geantwoord. „Dis eienaardig, maar byna alle mense het so'n boom”, het hy toe gesê. Hy noem daarop 'n boom en sê hoe naer hy voel as hy met dié boom in aanraking kom.

DIE PIKKIE.

TOE mev. Polderman en vriende op 'n keer met 'n motor na die oorlogsgrafte net buitekant Bronkhorstspruit gery het, was Eugène ook in die geselskap. Soos gewoonlik het almal hom in die oog gehou. Hy het vir hom 'n klein pikkie laat maak, eenkant byl en die anderkant pik. Dit was klein en hanteerbaar. Hy het dit dan altyd gebruik om plantjies in die berge in die veld en langs die pad uit te haal. Wanneer hulle by 'n berg of 'n koppie verby ry, het hulle altyd in die pad stil gehou en het hy in die berg of op die koppie plante gaan soek. Daardie dag toe hulle by die graf van Kieser en die ander gesneuweldes gekom het, het hy daar met sy pikkie rondgekap en wilde varings en 'n klein soort parasitiese lëlie uitgehaal. Terwyl hulle so tussen die grafte rondgeloop en die opskrifte gelees het, het hy vertel dat dit destyds met die Slag van Bronkhorstspruit perske tyd was en toe die Engelse soldate in die graf gegooi is, was hulle sakke vol perskes. Die perskepitte het later opgekom en so het daar later perskebome op die graf gegroei en elke jaar perskes gedra. Later is die bome egter verwyder en nou word die grafte van al die gesneuweldes gereeld goed versorg.

Mev. Polderman het nog baie ander staaltjies oor Eugène Marais vertel maar vir hierdie keer moet ek met bostaande volstaan.

—H. M. REX.

THANK YOU

THE OLD PRETORIA SOCIETY places on record its sincere appreciation and thanks to Mr. and Mrs. A. W. BARTIE, Mr. W. R. NEL and Mrs. L. BARNES for their most welcome public spirited donations to our Society at a recent general meeting held at the Technical College.

The first gift received was an album of historical photographs from Mr. and Mrs. Bartie, of 165 Johnston Street, Sunnyside. The photographs were taken by Mr. Albert H. (Bert Giovanetti, son of the late Mr. C. W. Giovanetti, former Mayor of Pretoria, who also served the city as a Member of Parliament. Albert Giovanetti died whilst serving with the Royal Flying Corps during the First World War. After that the album made its rounds amongst members of the family and was lost until the Bartie family re-discovered it under the usual collection of old household goods we are all so fond of storing. Before consigning the "rubbish" to the dustbin Mr. Bartie offered it to various persons who showed no interest in it. We are grateful indeed that someone directed him to our Chairman, Dr. G. W. Eybers, who gladly accepted the album on behalf of your Society for safekeeping.

It was at this time that a letter was received from Mr. and Mrs. P. D. BUSSI also of Sunnyside offering photographs of OLD PRETORIA, these were handed over to us by Mrs. Barty who is related to Mrs. Bussi. The collection grew still further when two pictures of Church Square taken by Mr. Christian of Canada, a friend of the same family were added.

The album contains original photographs, re-productions and postcards of old Pretoria; scenes of sites prior to the erection of the Palace of Justice, S.A. Reserve Bank, Tudor Buildings; there are panoramic views of the Square including the occasion of Paul Kruger's funeral; we see the New Square all still very white and clean with labourers planting the lawns. There are pictures of the interior of an empty new museum and of the firegrates at the new railway station building; we see pictures of a "*festive City*"; the first fire fighting demonstration; here too are the forts surrounding Pretoria, the Fountains caves (where are they situated?), Union celebrations, Crocodile River scenes, The Wonderboom, Union Buildings under construction and many interesting photographs of the suburbs taken from Meintjeskop at that time.

Thank you Mr. and Mrs. Bartie for your valuable contribution.

Whilst it is part of our duty to preserve photographs and documents of our historic past, we endeavour to protect our indigenous flora and foster a love of nature among the younger generation by holding an annual garden competition. Many of our members have seen the beautiful Old Pretoria Society shield offered to the winning school, but to use the words of our Vice-Chairman, Dr. T. S. van Rooyen, "the 2nd prize trophy, a cup, was so small, it was not even noticed on the trophy table, and so

insignificant compared to the shield" — this is changed now; we have a cup to present that any school will be as proud to receive as we will be to present it. For this large beautiful Silver Cup we are indebted to Mr. W. R. NEL, Chairman of the School Committee of the Pretoria Tuine Laerskool.

Mr. Nel, a building contractor, has left his imprint in more than one way on the life and history of our city; besides being responsible for the erection of many school buildings in Pretoria and the rest of South Africa, he serves two school governing boards and plays a big part in guiding and encouraging the best in young Pretorians.

The WILLIE NEL TROPHY will further the donor's own ideals; thank you Mr. Nel from all Pretorians. We also owe a special word of appreciation to Dr. T. S. van Rooyen, our Vice-Chairman, whose happy inspiration and initiative were the well-springs from which this handsome bounty flowed.

A second donation from Mr. Nel was a JOURNAL AND LEDGER dated 1889/1893 salvaged whilst a roof of an old building was being repaired. It is of interest as it contains several names of persons connected with the history of Pretoria, and with the history of the Transvaal. Our deepfelt thanks to Mr. Nel for his valuable contribution to the preservation of these links with our past.

To Mrs. L. BARNES of Tiny Town our sincere thanks for a collection of historical photographs of the Anglo-Boer War period; we are honoured that she should choose our Society to preserve this collection which includes photographs of Paul Kruger's residence, Cronje's men at Simonstown, the Prince of Wales's visit, the Kruger Church, Kruger's grave and many others. This gift includes an album of 24 photographs of Old Pretoria when "Durban House" stood on the corner of Church and Koch (Bosman) Streets; another scene shows Jones and Tonkin's "The Corner Boot and Shoe Store", a single storey construction where the Tudor Building today stands. Thank you too for the "Pretoria Centenary Pageant" programme and for "The City of Pretoria", an official handbook published in 1913.

—T. E. ANDREWS.

AMPTELIKE ONTHULLING VAN GEDENKPLAAT BY DIE STAATSMODELSKOOI

WANNEER die vorige nommers van „Pretoriana" deurgeblaai en die notules van Bestuurs- en Algemene Jaarvergaderings gelees word, is dit opmerklik dat die Genootskap Oud-Pretoria hom oor 'n lang tydperk op 'n besondere wyse geïnteresseer het in die geskiedenis en gebou van

die eertydse „Staats Model School” van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Vir die bewaring van dié histories-belangrike gebou, vir die navorsing van sy geskiedenis en vir die proklamering daarvan tot ’n historiese gedenkwaardigheid het die Genootskap Oud-Pretoria hom heelhartiglik beywer en sy volle steun aan die Historiese Monumentekommissie verleen. Die lofwaardige gedagte dat die gebou as ’n historiese monument verklaar behoort te word, het trouens die eerste by die Genootskap Oud-Pretoria en sy destydse Voorsitter, dr. Willem Punt, ontstaan.

Daarom is dit begryplik dat die Genootskap Oud-Pretoria verheug was toe die skoolgebou as ’n historiese gedenkwaardigheid verklaar en die gedenkplaat op 20 Mei 1963 onthul is.

Om die gebeurtenis te gedenk word die program van die onthulling soos dit werklik verloop het, in hierdie nommer gepubliseer, tesame met die kort toespraak van mnr. W. H. Rood, van Kiepersol, wat in die plek van mnr. C. Pierneef opgetree het. Mnr. Pierneef was deur siekte verhinder om teenwoordig te wees.

In die jongste uitgawe van die „*Bulletin*” van die Stigting Simon van der Stel, Nr. 7, wat vanaf sy eerste uitgawe op so’n bekwame wyse deur dr. Jan Ploeger, een van die stigterslede van die Genootskap Oud-Pretoria, versorg word, verskyn ’n aantal artikels oor die onthulling van die gedenkplaat by die Staatsmodelskool, ’n skets van geskiedkundige waarde. Ons lesers kan gerus eksemplare bestel by die kantoor van die Stigting Simon van der Stel in die Pretorium-gebou. (Die Redakteur).

STAATS MODEL SCHOOL


AMPTELIKE ONTHULLING VAN GEDENKPLAAT

MAANDAG 20 MEI 1963 OM 3 NM.

Onder beskerming van die Historiese Monumentekommissie

P R O G R A M

1. Opening met Skriflesing en gebed—Sy Edele dr. Wm. Nicol, Voorsitter, Stigting Simon van der Stel.
2. Verwelkoming—Dr. P. J. du Toit, Voorsitter, Historiese Monumentekommissie.
3. Toespraak—Sy Agbare raadslid prof. dr. P. J. van der Walt, Burge-meester van Pretoria.
4. Herrinneringe uit 1897–1900—Mnr. W. H. Rood, Oudleerling, Staats Model School.
5. ’n Rede—Sy Edele mnr. F. H. Odendaal, Administrateur van Transvaal.
6. Voorstelling van Oudleerlinge van die Staats Model School — Die Seremoniemeester.
7. ’n Waardering—Dr. W. Punt, Lid, Historiese Monumentekommissie.



Die Staatsmodelskool met die Staatsmeisieskool (tans Hamiltonskool) op die agtergrond.

8. Onthulling—Dr. P. J. du Toit, Voorsitter, Historiese Monumentekommis­sie.
9. Bedankings—Dr. G. W. Eybers, Voorsitter, Genootskap Oud-Pretoria.
10. Besigtiging van skoolgebou.
Seremoniemeester: Mnr. Clerke Scholtz, Direkteur,
Pretoriase Publisiteitsvereniging.

HERINNERINGE AAN DIE EERTYDSE STAATSMODELSKOOI

VERTELLING DEUR 'N OUDLEERLING

WEENS die ongelukkige siekte van oudleerling, mnr. C. Pierneef, wat vandag hier 'n paar woorde sou kom spreek, maar nou nie meer kan kom nie, is ek gevra om as 'n oudleerling van die „Staats Model Skool” 'n paar woorde te sê. Gelukkig vir u is ek beperk tot 'n kort spreektyd!

Ek wil somaar dadelik die Historiese Monumentekommis­sie, namens ons almal, maar meer spesifiek namens ons ou S.M.S.-leerlinge, bedank dat hulle ons ou skoolgebou tot 'n historiese monument verklaar gekry en vir ons ou leerlinge die geleentheid gegee het om vandag hier by so'n funksie teenwoordig te wees, en, dan meteens ook die geleentheid te hê om as „ou jong seuns of jong ou seuns” mekaar weer te ontmoet en vriend­skappe uit die kinderjare te hernu. Dit is voorwaar 'n groot voorreg!

HULDE AAN ONS OU SKOOL EN SY ONDERWYSERS


NOOU wil ek eers namens ons oudleerlinge 'n kran­sie lê tot nagedagtenis van al ons oud-onderwysers, van wie sommige se kinders gelukkig ook vandag hier teenwoordig kan wees, nl. mnr. Wagner, die Hoof, mnre. Tromp, Vaandrager—'n onderwyser duisend—, Ribbens, Moller, J. J. van der Merwe—later skoolhoof te Ermelo en alombekend—, Lub, Bredell, De Groot en Harrington. Hulle het in der waarheid van ons ou skool 'n blywende monument gemaak in die opbou van die jeug van ons jong maar lewenskragtige Zuid-Afrikaansche Republiek.

Hulle het gehelp om die fundamente te lê van ons skoolopleiding, ons besef van die noodsaaklikheid van kennis, ons besef van plig en van toegewydheid aan 'n taak.

Die oorgroot meerderheid van ons oud-onderwysers was afkomstig uit Nederland maar het hier aan die Suiderstrand gehelp om 'n jong volk te bou. Ook in oorlogstyd het hulle op kommando gegaan en gehelp om land en volk te verdedig, terwyl sommige ook op ander maniere hulle hulp verleen het.

By hulle was hulle beroep of profes­sie as onderwysers nie somaar 'n tydelike sakkie nie, maar dit was inderdaad 'n „lewenstaak”.

Moontlik kan ek in 'n terugblik goed oordeel oor die gehalte van die onderrig wat ek hier in ons ou skool gekry het in vergelyking met die onder-



WINSTON SPENCER CHURCHILL.

„Spesiale Korrespondent”/“Special Correspondent” “Morning Post”

Kort na sy ontsnapping uit die Staatsmodelskool in Des. 1899.

Soon after his escape from the State Model School in Dec. 1899

rig in 'n skool soos bv. in Edinburgh, Skotland, 'n ou skool met 'n tradisie en ondervinding van 'n paar honderd jaar agter die rug, waarheen my vader my na die oorlog gestuur het. Hoewel ek daar deur medium van 'n vreemde taal moes studeer, kon ek myself handhaaf bloot op die onderrig en kennis wat ek hier in ons ou „Staats Model School” ontvang het. Ons destydse jeugdige skool was in elke opsig net so goed en deeglik as die honderdjarige ou skool in die buiteland.

Dit is die hulde wat ons as oudleerlinge vandag wil bring tot die nage-
dachtenis van ons oud-leermeesters van die „Staats Model School”.

DIE OUDLEERLINGE

NOU 'n paar woorde oor die oudleerlinge. Ongelukkig is baie van hulle reeds die Ewige Rus ingegaan. Van hulle het baie 'n blywende merk op verskillende gebiede nagelaat. Oudleerlinge van ons skool wat buitengewoon presteer het was seker dr. Hendrik van der Byl, wie se naam hier en in die buiteland vir altyd verbind sal bly aan Yskor, en Hendrik Pierneef, ook in die buiteland bekend vir sy kunswerke waarin ons land se pragtige natuurskoon uitgebeeld word. Vir ons en die nageslag sal sy kunswerke 'n blywende genot en besieling bly.

'n Groot aantal oudleerlinge het in verskillende rigtings ook baie goed presteer. Van die van ons wat nog in die lewe en jeugdig oud is, het almal iets presteer as boere op die gebied van die landbou en veeteelt, as genees-
here, advokate, prokureurs, argitekte—ek dink veral aan Gordon Leith—, op die gebied van handel en nywerheid, in die arena van die politiek, in die onderwysberoep, in baie ander rigtings, maar veral en bowe-al op die hoër gebied van goeie en vertroubare staatsburgers.

Ons as oud-skoliere kan dus ook ons hoofde omhoog hou in die wete dat ons nie onwaardig teenoor ons ou skool was nie.

ONS SKOOLLEWE

AS skoolseuns was ons maar net soos alle skoolseuns in alle tye, met dieselfde ondeunde streke, grappe en planne. Twee van ons stokkies-
draaiplekke is nou nog besienswaardig, naamlik die Fonteine en Wonderboom.

So veel van die mooi ou Pretoria met die watervoortjies langs die straat het verdwyn maar ons herinner ons nog die ou dae van geluk in die skilders-
agtige ou Hoofstad.

Die begin van die Driejarige Oorlog was vir die ouere seuns, soos Nikolaas Hoffman en ander, die einde van hulle skoolloopbaan want toe het hulle op kommando gegaan. Vir die jongeres was dit die begin van 'n lang onderbreking in hulle skoolloopbaan, wat eers na jare hervat kon word.

Diegene van ons wat destyds na die uitbreek van die oorlog in Pretoria woonagtig was, het dikwels hier op die voetpaadjie langs die ysteromheining kom staan om die Britse krygsgevangenes aan te gaap net as of hulle mense van 'n ander planeet was.

En vanuit ons ou skool het die nou beroemde sir Winston Churchill as krygsgevangene ontsnap toe hy—om die legende in sy eie woorde aan te haal—„swam through the turbulent Apies River”.

Die woonhuis op die suidoostelike hoek was deur Engelse bewoon en dit word vertel dat hulle op ’n maklike wyse boodskappe na die Britse offisiere deurgekry het deur ’n briefie onder die brakkie se halsband te bind en die offisiere moes maar net die hondjie roep en die saak was gedaan.

Dit word gesê dat ou mense meesal in die verlede lewe maar daar ons pudskoliere nog nie oud is nie, kan ons nie sê of dit so is nie. Wat ons wel kan sê is dat ons skooldae hier in ons ou skool van die gelukkigste dae in ons lewe was en noudat ons darem so stadig aan ouer word, beseef ons daaglik, nieteenstaande skool- en universiteitsopleiding, hoe veel daar nog te lere val. Ons is dus nou nog maar leerlinge in ’n wyer skoolkring.

Met trots kyk ons terug na die dae wat was en met hoop en vertroue kyk ons vorentoe na die dae wat kom. —W. H. ROOD, Kiepersol.

DIE „WAR SONG” VAN ALBERT BRODRICK

In die verlede is reeds meer as eenkeer aandag gewy aan die digterlike ontboesemings van die bekende Pretoriase winkelier-digter, mnr. Albert Brodrick.

Onlangs was die skrywer so fortuinlik om, in die vorm van ’n gedrukte pamflet, die „War Song” van hierdie bekende digter onder oë te kry.⁽¹⁾ Wat veral merkwaardig is, is die feit dat hierdie oorlogslied op musiek gesit is deur J. Gaisford, soos op die gedrukte blad aangedui is. Ongelukkig is die wysie nie op die betrokke vel papier weergegee nie.

Die gedig staan in verband met die veldtog teen die opstandige Johannes Dinokoanyane, in die Lydenburgse, oor wie meer besonderhede gevind kan word in prof. dr. S. P. Engelbrecht se Burgersbiografie (bl. 199 n., 204, 205, 251, 302; Afrikaanse uitgawe).

Interessant is die volgende reëls: „Because *Otto's* not done what he *otto* have done” en „Our *Burghers* are ready and *Burgers* is true,” en die verwysings na ou Pretorianers soos Skinner en Walker.

Hier volg die woorde van die gedig:

WAR SONG

(CAMPAIGN 1876).

DEDICATED TO THE PRETORIA CONTINGENT.

Words by A. BRODRICK.

--

Music by J. GAISFORD.

The dark foe is bold, but his courage shall go
Before us as melts in the sun the white snow!

In his cave he will lie behind stones, if he's wise,
'Till he's trapped like a fox and "peccavi" he cries!

(Chorus) Then hurrah! for our horses, hurrah for our Men,

Hurrah for our wagons with oxen (each ten):
Our men are all steady,
Our rifles all ready,
And the Kafir shall weep 'ere he flout us again!

Our Burghers are ready and Burgers is true,
He will show us in this he can fight and speak too;
All our "wijks" are awake, all our wijks except one,
Because Otto's not done what he *otto* have done.

(Chorus) So hurrah! &c.

Bold Pretorius, whose name will strike terror to all,
Like brave Cincinnatus shall come at our call—
Our Skinner shall "hide" 'em, our Walker shall ride,
And trouble the Chief who the Transvaal defied!

(Chorus) So hurrah! &c.

Poor Johannes will weep when he sees our array,
And his wives will depart in a dark secret way,
We'll hang him on high on a neighbouring thorn,
With a riem of Kameel, just the tree to a *thorn*.

(Chorus) So hurrah! &c.

It is time we should teach a small lesson to Blacks,
If they want to sting us they will surely get w(h)acks,
They want to be equals, it *never was meant*—
Though they beat us by chalks in their claims of d-scent!

(Chorus) So hurrah! &c.

Farewell to the girls whose dear eyes will be red,
Should they read that one man in our number is dead.
May we fight with success, and return without loss,
And for every *caress*, we will give a "*carosse*".

(Chorus) So hurrah! &c.

And when we return they will smile on our toil,
And we will divide with our friends all our "spoil"
We will seize all their Cattle (the Men we shall shoot)
And we'll march to our homes to the tune of the "*Loot*".

(Chorus) So hurrah! &c.

(3) In besit van mev. F. Burnham, Pretoria.

—Dr. JAN PLOEGER.

SKINNER COURT

DIT is nie alombekend dat die stuk grond van ongeveer 15 morg ten noorde van Kerkstraat en wes van Courtstraat, Pretoria-Wes, byna 'n honderd jaar gelede die eiendom van Marthinus Wessel Pretorius, die stigter van Pretoria, asook die eerste president van die Suid-Afrikaanse Republiek (Transvaal) was nie.



Henry Skinner.

Met sy verkiesing as staatspresident in 1857 was Pretorius woonagtig op Potchefstroom. Hoewel die Transvaalse Volksraad daarop aangedring het dat die president na Pretoria moes verhuis, het mev. Pretorius steeds onwillig gebly om Potchefstroom te verlaat. Die president was dus verplig om gereeld tydens Volksraadsittings per perde-waentjie na Pretoria te kom. Aangesien die perde-gedurende die president se verblyf in Pretoria versorg moes word, het hy die volgende versoek aan die Volksraad gerig:—

„ . . . hem een lap zaaigrond gelegen aan de spruit ten Westzijde van het dorp, te willen toekennen, om reden hij zulk een stuk grond hoog nodig heeft, om voer te zaaïen voor zijne paarden . . . ” Die aansoek is goedgekeur.

Gedurende Volksraadsittings het die president meesal by sy niggie, Debora Skinner (gebore Landman), eggenote van William Skinner, die latere landdros van Pretoria, tuisgegaan. Met verloop van tyd was die president heelwat aan losiesgeld aan die Skinners verskuldig. Hy was egter nie in staat om sy skuld in kontant te vereffen nie, gevolglik het hy die helfte van die grond, wat die regering van die Republiek aan hom geskenk het en wat hy nooit gebruik het om voer vir sy perde aan te plant nie, as betaling aan te bied. Die aanbod is aanvaar en later het die president die orige helfte aan William Skinner verruil vir 'n paar osse. Op hierdie stuk grond het Skinner later vir hom 'n pragtige woning opgerig, hom daar gaan vestig en die plek „Skinner Court” genoem.

As regstreekse afstammeling van een van Pretoria se eerste landdroste, William Skinner, het ek vasgestel dat hy in 1828 te Canterbury, Engeland, gebore is. As jongman het hy met sy vrou na Natal geëmigreer. Kort na sy aankoms is sy vrou oorlede en het hy daarna op versoek van Andries



*Gedeelte van „Skinner’s Court”, gebou deur William Skinner.
Onlangs gesloop.*

Pretorius na Transvaal verhuis om hom toe te lê op die bou van huise en regeringsgeboue vir die Trekkers wat hulle in die Transvaal kom vestig het. Hy is later weer getroud met ’n Voortrekkerdogter, Debora Landman, ’n kleindogter van Piet Retief. Hy het sy lot heelhartig by die Trekkers van Transvaal ingewerp en was later ’n leidende figuur in Pretoria. Vanaf 1869 tot 1878 was hy landdros van die republikeinse hoofstad.

Volgens my grootmoeder, mev. M. J. Skinner, tans van Skinner Court, was William Skinner die vader van 15 kinders (13 seuns en twee dogters). Met sy afsterwe in Julie 1885 was hy ’n baie welgestelde persoon. Hy het baie grond en ander besittings in en om Pretoria gehad, asook ’n groot plaas in die omgewing van Perdekop (distrik Volksrust). Sy weduwee, tant Debora (Borrie) Skinner, het aan haar jongste seun, Stanley, wat haar witbroodjie was, volmag verleen om haar geldelike sake te behartig. Hy het die geleentheid misbruik en binne ’n paar jaar duisende ponde vermors op toere oorsee en ander genietinge. Toe tant Borrie later op Perdekop oorlede is, is sy daar begrawe en haar groot begeerte om langs haar man in die ou begraafplaas van Pretoria te rus, kon nooit vervul word weens die gebrek aan fondse nie.

—HENRY SKINNER,
In medewerking met mnr. J. C. Cronjé.

GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

Jaarverslag

DIT is vir my 'n genoeë om die Jaarverslag van die Genootskap voor u te lê.

DIE S.A. OPELUGMUSEUM TE PRETORIA: Die oprigting van 'n opelugmuseum, waarvoor die Genootskap hom die afgelope jare sterk beywer het, het hierdie jaar 'n stap nader aan verwesenliking gekom: Sy Edele die Adjunk-Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap het naamlik in die Parlement aangekondig dat die Kabinet die oprigting van 'n opelugmuseum naby die Voortrekkermonument in beginsel goedgekeur het. Hoewel daar nie in die 1963/64-begroting fondse vir die doel beskikbaar gestel was nie, het die Minister die Genootskap meegedeel dat oorweging daaraan geskenk sou word om fondse vir die oprigting van die museum in die 1964/65-begroting te bewillig. Die Bestuur het hierdie aankondiging as 'n voorwaartse stap beskou en het vroeëre eise om die museum in die Fonteinedal opgerig te kry, laat vaar. Die presiese ligging van die nuwe terrein is egter nog nie vasgestel nie aangesien dit in 'n groot mate van die ligging van die nuwe Pretoria-Johannesburg-hoofweg sal afhang. Die Parlementslede van Pretoria is hierdie jaar weer versoek om ons by te staan om fondse bewillig te kry, maar sonder sukses.

SKOOLTUINKOMPETISIE: U sal u herinner dat die 1962-kompetisie verlede jaar eers in Desember gehou is. Aangesien die uitslag van daardie kompetisie gevolglik ten tyde van ons vorige jaarvergadering nie beskikbaar was nie, kan ons u nou meedeel dat die volgende laerskole as wenners uit die kompetisie getree het: 1. Tuine, 2. Rachel de Beer, en 3. Danie Malan. Die oorhandiging van die skild en pryse het op 'n funksie wat deur die wennende skool gereël is, plaasgevind.

Die 1963-kompetisie wat so pas afgehandel is, is deur die volgende laerskole gewen: 1. Pretoria-Oos, 2. Rachel de Beer, en 3. Die Poort. Dis die eerste keer dat Pretoria-Oos en die Poort 'n prys in die kompetisie wen maar Rachel de Beer het al by meer as een geleentheid onder die wenners geëindig. 'n Skoolinspekteur, mnr. A. D. Morrison, mnre. Roelf Botha en F. J. Wepener het as beoordelaars by hierdie jongste kompetisie opgetree. Vir u inligting kan ook vermeld word dat 'n nuwe stelsel vir puntetoekening by die beoordeling van skooltuine ontwerp en reeds by die jongste kompetisie gebruik is. Een van die belangrikste uitvloeisels hiervan is dat skole met klein skooltuine nou 'n ewe goeie kans staan om die kompetisie te wen as dié met groter gronde.

Spesiale melding moet daarvan gemaak word dat mnr. W. R. Nel, Voorsitter van die Skoolkomitee van die Tuine-Laerskool, 'n groot beker

as tweede prys vir die skooltuinkompetisie geskenk het. Hierdie beker vervang nou die klein bekertjie wat altoos as tweede prys diens gedoen het en wat vanweë die formaat daarvan, die Genootskap nie tot eer gestrek het nie.


GEDENKPLATE: Die projek waarvolgens die Genootskap gedenkplate aan histories belangrike geboue gaan aanbring, het 'n groot stoot vorentoe gekry deurdat die Pretoriase Stadsraad R100.00 vir dié doel beskikbaar gestel het. Heelwat voorlopige werk is reeds ten opsigte van die gedenkplate verrig soos byvoorbeeld die verkryging van kwotasies van firma's aan wie die aanbring van die gedenkplate toevertrou kan word. Dit word voorsien dat die eerste gedenkplate teen die helfte van volgende jaar aan gebring sal wees.

ALGEMENE LEDEVERGADERING: Ten einde die lede van die Genootskap meer dikwels bymekaar te bring, is op 23 Augustus 1963 'n Algemene Ledevergadering in 'n saal by die Tegniese Kollege gehou. Die hoof-item daardie aand was 'n praatjie deur dr. Jan Ploeger oor Over-Vaal, die Administrateurswoning. U sal u herinner dat dr. Ploeger 'n paar jaar gelede juis op aanbeveling van die Genootskap deur die Provinsiale Administrasie versoek is om 'n geskiedenis van Over-Vaal saam te stel. Die geskiedenis is onlangs onder die titel „Over-Vaal—Geschiedenis van 'n Ampswoning”, gepubliseer. Gevolglik kon dr. Ploeger heelwat interessante gegewens oor die Administrateurswoning en sy mense aan die vergadering meedeel. Dit spyt ons egter om te meld dat slegs 'n klein aantal lede hul weg oopgesien het om dié leersame vergadering by te woon.

DIE PUBLISITEITSVERENIGING VAN PRETORIA: Dit spyt my om u mee te deel dat met die toetrede van 'n paar nuwe liggame tot hierdie Vereniging daar by 'n nuwe kiesing van sy Bestuur die Genootskap van sy verteenwoordiging op die Bestuur onthef is. Dit laat die Genootskap byna magteloos om die werk van die Publisiteitsvereniging te bevorder of te beïnvloed. Ons kan dus min doen om die pynlike mislukking van vanjaar se Jakarandafees te verhoed.

SKENKINGS AAN DIE GENOOTSKAP: Een van die funksies van die Genootskap was nog steeds om dokumente en voorwerpe van historiese belang op te spoor en om dan self daarvoor te beskik, soos in die geval van die Bras Pereira-huis, of om die voorwerp aan een of ander plaaslike inrigting vir veilige bewaring te oorhandig. In die afgelope jaar het deur bemoeiinge van die Bestuur en andersins die volgende skenkings ter hand gekom:

(a) Sowat 160 foto's, meesal van Ou Pretoria, geskenk deur mnr. en mev. A. W. Bartie. Die meeste van hierdie foto's is deur 'n mnr. Bert Giovanetti geneem. Die album is voorts aangevul deur materiaal wat deur mnr. en mev. P. D. Bussi, mev. Rickett en 'n mnr. Christian geskenk is. Laasgenoemde persone is familieleden en/of vriende van die Bartie-gesin.



DIE BESTUUR VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA VIR 1963.

Staanste (van links na regs): Mnr. T. E. Andrews, dr. N. A. Coetzee, mnr. A. M. Davey, E. J. Webener en H. M. Rex.
Sittende (van links na regs): Drr. W. H. J. Punt, T. S. van Rooyen, G. W. Eybers, mnr. J. H. Mienie en dr. J. J. N. Cloete.

Benewens die foto's het mnr. en mev. Bartie ook 'n boek getitel, „Outbreak-Witwatersrand, 1922”, geskryf deur Kaptein William Urquhart, geskenk.

(b) Mnr. W. R. Nel, skenker van die beker vir die skooltuin-kompetisie, het 'n grootboek (1889-1893) asook 'n joernaal (1893) van een van die banke vir veilige bewaring aan die Genootskap geskenk.

(c) Mev. L. R. Barnes het die volgende stukke oorhandig: (i) „The City of Pretoria”, offisiële handboek uitgegee deur die Pretoriase Stadsraad, 1913; (ii) „Sunrise over Pretoria”, 'n program van 'n voorstelling tydens die Pretoriase Eeufees; (iii) 'n album met foto's van die sentrale gedeelte van Pretoria, die foto's waarvan deur J. C. Munro van Markstraat, geneem is; (iv) Sowat 55 los historiese foto's van toenele in Suid-Afrika en oorsee.

Hierdie bogenoemde skenkings word aan die Staatsbiblioteek en die Staatsargief vir veilige bewaring en vir raadpleging deur die publiek oorhandig.

LEDELYS: Die Genootskap beskik tans oor ongeveer 220 gewone en lewenslange lede. Tot my spyt moet ek meedeel dat daar ongeveer 35 lede is wat nóg in 1962 nóg in 1963 hul ledegeld vereffen het. Die Bestuur wag op hulle.

BESTUUR: Die volgende persone het gedurende die afgelope jaar op die Bestuur van die Genootskap gedien:

<i>Voorsitter:</i>	Dr. G. W. Eybers.
<i>Ondervoorsitter:</i>	Dr. T. S. van Rooyen.
<i>Penningmeester:</i>	Mnr. G. Rissik.
<i>Sekretaris:</i>	Mnr. J. H. Mienie.
<i>Assistent-sekretaris:</i>	Mnr. T. E. Andrews.
<i>Redakteur:</i>	Mnr. H. M. Rex.
<i>Argivaris:</i>	Dr. N. A. Coetzee.
<i>Bykomende Lede:</i>	Drr. J. J. N. Cloete, W. H. J. Punt, Mnre. A. M. Davey, F. J. Wepener.

Die Voorsitter het die Genootskap op die Publisiteitsvereniging verteenwoordig.

BEDANKINGS: Ten slotte wil ek graag my waardering uitspreek aan u almal wat meegewerk het om die doelstellings van die Genootskap te verwesenlik. In die besonder wil ek in dié verband melding maak van die onbaatsugtige ywer wat die Bestuur in die uitvoering van hul taak getoon het.

Ons verwag, soos in die verlede, veel steun van die Stadsraad. Die lede van ons Wetsewing, die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die Publisiteitsvereniging van Pretoria kan hulle nie maklik vir 'n belangriker kultuuroopmerk beywer nie dan vir die daarstelling van 'n Suid-Afrikaanse Opelugmuseum te Pretoria nie. Dit sal natuurlik kom. Laat ons nie met slap hande wag op ander om dit vir ons te verkry nie. Ons is tog nie aan die slaap nie!

Desember 1963.

G. W. EYBERS, *Voorsitter.*

OLD PRETORIA SOCIETY

Annual Report

IT is my pleasure to lay the Annual Report of the Society before you.

THE S.A. OPEN AIR MUSEUM AT PRETORIA: The establishment of an open air museum for which your society has laboured these past years, took further steps towards realisation. His Honour, the Deputy Minister of Education Arts and Science reported in Parliament that the Cabinet had agreed in principle to the establishment of such a museum near the Voortrekker Monument. No funds were available for this project during the current financial year, the Minister however said that the establishment of the Open Air Museum would be given consideration when planning the 1964/65 budget. The Committee recognised this statement as a big step forward; and has agreed to waive its previous request that the museum be erected in the Fountains Valley. The exact location of the new site has not been determined as yet owing to the plans for the new Pretoria - Johannesburg Highway. The Members of Parliament for Pretoria were again approached to support our appeal that funds be put aside for the project — but to no avail.

SCHOOL GARDEN COMPETITION: It will be remembered that the 1962 competition took place in December 1962, and could not be included in last year's report. The results were: (1) Tuine, (2) Rachel De Beer and (3) Danie Malan. The presentation of the Society's Shield and prizes was made at a function arranged by the winner of the competition

The 1963 competition just ended was won by Pretoria-Oos primary School, (2) Rachel De Beer and (3) Die Poort; it is the first time that Pretoria-Oos and Die Poort have claimed the honours but the Rachel De Beer School has been amongst the winners on many occasions. The judges this year were Mr. A. D. Morrison, School Inspector of the Transvaal Education Department, Mr. Roelf Botha and Mr. F. J. Wepener. A new system of awarding points was put into practice this year that allowed schools with limited grounds to compete on fair terms with schools that had larger grounds.

Special mention must be made of the donation of a beautiful silver cup by Mr. Willie R. Nel, Chairman of the Pretoria Tuine-laerskool School Committee, to replace the rather insignificant and unimpressive 2nd Prize award of previous years.

PLAQUES: The Society's aim of erecting plaques on buildings of historical importance also took a step forward this year. We are pleased to report

that the City Council donated R100.00 towards this project and have promised to make the same amount available annually. Much preparatory work has been done and quotations for the manufacture of plaques have been called for and we hope to see the first plaque erected within the next six months.

SPECIAL GENERAL MEETING: With a view to bringing members together more often, a meeting was arranged in the Technical College on the 23rd August, 1963; attended, we regret to say, by only a few members. The main item on the agenda was a lecture by Dr. Jan Ploeger, on Over-Vaal, the Administrator's Residence. You will remember that a few years ago, your Society recommended to the Provincial Administration, that Dr. Ploeger should undertake to write the history which has lately been published under the title "Over-Vaal — The History of an Official Residence". Dr. Ploeger brought out interesting information regarding the building and its residents.

PRETORIA PUBLICITY ASSOCIATION: It is with regret that I have to inform you that the Society is no longer represented on the Executive Committee of the Pretoria Publicity Association; our nomination was lost at a recent meeting when members of new organisations were elected; the Society is therefore left without a voice in the affairs of the Publicity Association and could therefore do little to avert the painful failure of this year's Jacaranda Festival.

DONATIONS: Besides trying to preserve old buildings of interest such as the Bras-Pereira House, your Society collects historical documents relating to Old Pretoria which it hands over to the appropriate authorities for safe-keeping. During the past year the Society was honoured to receive the following donations: —

(a) An Album of approximately 160 photographs of early Pretoria, donated by Mr. and Mrs. A. W. Bartie. The majority of the photos were taken by Mr. Bert Giovanetti; the album was completed with other material donated by Mr. and Mrs. P. D. Bussi, Mrs. Rickett, and a Mr. Christian, members and friends of the Bartie Family. Mr. and Mrs. Bartie also donated a book "Outbreak — Witwatersrand, 1922" by Captain William Urquhart.

(b) Mr. W. R. Nel, who donated the cup for the garden competition, also handed over a bank journal (1893) and cash book (1889-1893) for safe-keeping.

(c) Mrs. L. R. Barnes donated the following material (i) "The City of Pretoria", official handbook issued by the City Council, 1913. (ii) "Sunrise over Pretoria" a program of events during Pretoria's centenary; (iii) an album of photographs of Central Pretoria taken by J. C. Munro of Market Street, Pretoria and (iv) a batch of 55 photographs of events in South Africa and overseas.

These bequests were entrusted to the State Library or the Government Archives for safekeeping and will be accessible to anyone interested in them.

MEMBERSHIP: The Society's membership stands at 220 ordinary members and life members. There are about 35 members whose subscriptions are still outstanding for the years 1962 and 1963. The Society calls on them to make good their arrear payments.

COMMITTEE: The following persons served on the Executive Committee of your Society during the year: —

<i>Chairman:</i>	Dr. G. W. Eybers.
<i>Vice-Chairman:</i>	Dr. T. S. van Rooyen.
<i>Treasurer:</i>	Mr. G. Rissik.
<i>Secretary:</i>	Mr. J. H. Mienie.
<i>Ass. Secretary:</i>	Mr. T. E. Andrews.
<i>Editor:</i>	Mr. H. M. Rex.
<i>Archivist:</i>	Dr. N. A. Coetzee.
<i>Other Members:</i>	Dr. J. J. N. Cloete, Mr. A. M. Davey, Dr. W. H. J. Punt and Mr. F. J. Wepener.

The Chairman represented the Society on the Publicity Association.

ACKNOWLEDGEMENTS: Finally I express my thanks to all who furthered the Society's aims; in particular the Executive Committee for their selfless devotion to the Society's interests.

As in past years, we count on the support of the City Council.

Those who hold important positions in our legislative, in the Department of Education, Arts and Science and in the Publicity Association of Pretoria could have few worthier cultural targets than the achievement of a South African Open Air Museum. We know that the museum will eventuate but we should not sit by with folded arms and leave the work to others!

G. W. EYBERS, *Chairman.*

December, 1963.

Inhoud / Contents

ADV. D. G. VAN DER BYL: *A short history of Irene.*

MNR. P. J. PISTORIUS: *R. E. Schormann.*

“THE PRETORIA NEWS”: *Irene Read retiring after 36½ years as principal.*

DR. T. S. VAN ROOYEN: *Dieper waardes uit ons verlede; faktore wat die geskiedenis bepaal.*

MNR. H. M. REX: *Herinneringe oor Eugene Marais in sy Bronkhorst-spruitse tydperk (1922-1923).*

MR. T. E. ANDREWS: *Thank you.*

DIE REDAKTEUR: *Amptelike onthulling van gedenkplaat by die Staatsmodelskool.*

Program van die onthullingsplegtigheid op 20 Mei 1963.

MNR. W. H. ROOD: *Herinneringe aan die eertydse Staatsmodelskool.*

DR. JAN PLOEGER: *Die „War Song” van Albert Brodrick.*

HENRY SKINNER: *Skinner Court.*

DR. G. W. EYBERS: *Jaarverslag / Annual Report.*

Genootskap Oud-Pretoria

(Gestig: 22 Maart 1948)

Ons doel: Om te waak oor die
geskiedenis van ons stad en
distrik.

Association Old Pretoria

(Founded: 22 March, 1948)

Our aim: To preserve the past for
the future of our city and
district.

BESTUUR:

EXECUTIVE COMMITTEE:

Ere-President — DIE BURGEMEESTER VAN PRETORIA — *Honorary President*

THE MAYOR OF PRETORIA.

Voorsitter — DR. G. W. EYBERS — *Chairman*.

Ondervoorsitter — DR. T. S. VAN ROOYEN — *Vice-Chairman*.

Penningmeester — Mnr. /Mr. G. RISSIK — *Treasurer*.

Sekretaris — Mnr./Mr. J. H. MINNIE — *Secretary*.

Hulpsekretaris en Sakebestuurder / *Assistant Secretary and Business Manager*

Mnr./Mr. T. E. ANDREWS.

Redakteur — Mnr./Mr. H. M. REX — *Editor*.

Argivaris — DR. N. A. COETZEE — *Archivist*.

Bykomende Lede — DR. J. J. N. CLOETE — *Other Members*.

Dr. W. H. J. PUNT,

Prof. Dr. F. J. DU T. SPIES,

Mnr./Mr. F. J. WEPENER.

Verteenwoordiger van die Stadsraad / *Representative of the City Council:*

Prof. Dr. P. J. VAN DER WALT.

Burgemeester / *Mayor*.

Bydraes moet asb. gestuur word aan: Die Redakteur „Pretoriana”, Koningin
Wilhelminalaan 15, Muckleneuk, Pretoria.

Contributions to be sent to: The Editor “Pretoriana”, 15 Queen Wilhelmina Avenue,
Muckleneuk, Pretoria.